
Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, May 21, 2020
Page: 29

**GELDBEPLANNING** | NICO VAN GIJSEN



# Spaar só in moeilike dae

Die geskiedenis wys vir ons die mark lig altyd weer sy kop op ná moeilike tye en dat beleggings dan begin herstel. Moet dus nie nou, in die deurmekaar tyd van die Covid-19-pandemie, oorhaastige besluite neem wat beleggings betref nie. Geld moet gelos word om te kan groei.

Lesers het heelwat navrae oor beleggings gehad net ná die groot val in die mark toe die Covid-19-pandemie die wêreld en ook Suid-Afrika getref het. Ek kyk vandeesweek na enkele tersaaklike feite oor beleggings in die algemeen.

Vanuit 'n beleggingsoogpunt moet ons in gedagte hou dat die afgelope sowat drie jaar in die algemeen nie juis 'n goeie tyd was vir beleggers wat wou geld maak nie. Of liewer, nie vir die aandelekomponent in 'n beleggingsportefeulje nie. Effekte het heel skaflik gevaar. Soos ons kan verwag, is dit vervelig en veilig. Kontant het gedoen wat kontant doen. Dit het jou beskerm teen markskommelinge, maar nie juis teen inflasie nie.

Ekself en die meeste van my kollegas in die bedryf het mense heeltyd gewaarsku om nie hul langtermynspaargeld te onttrek nie en liewer in die mark te bly. Dinge gaan regkom, het ons gesê, totdat dit begin voel het ons lippe raak droog.

En net toe ons woorde waar geword het, hier laat in verlede jaar, het die nuwe jaar vir ons die Covid-19-pandemie gebring.

Om die verspreiding van die virus te probeer beperk, is lande en sakeondernemings gesluit en was daar erge ekonomiese gevolge. Mense het hul werk begin verloor weens die verpligte inperkingsreëls. Intussen het die olieprys ook nog geval. Die groot beleggers het in paniek uitgeslaan en hul aandele begin verkoop.

Skielik het jou belegging ook in waarde geval. Selfs in 'n gebalanseerde portefeulje – met ander woorde jy het nie alles in aandele nie, maar die bates is versprei (die spreekwoordelike eiers is nie almal in een mandjie nie) – was daar waardedalings van sowat 20%. Dit skok 'n mens.

Baie mense het toe gevoel hulle moet hier uit en eerder hul geld na hul bank oorplaas waar dit "veiliger" is. Só het hulle toe van 'n papierverlies 'n werklike verlies gemaak. Anders gestel, dit wat jy gedink het jy verloor het, het jy nou beslis verloor. Of, soos ek sê, jy het dit weggegooi.

Hier volg 'n paar punte wat ons moet verstaan as ons vir onsself rykdom wil skep deur ons geld te belê. Terloops, die enigste manier waarop jy rykdom kan skep, is om jouself in 'n posisie te plaas waarin jou geld vir jou werk, en nie net jyself nie. Ek weet van mense wat 'n vet inkomste kry, maar eintlik brandarm is omdat hulle nie spaar nie.

Nietemin, die eerste punt is dat hierdie val in die mark 'n paniekreaksie was. Dit was nie weens normale markbewegings nie. Ek sê nie dinge gaan oornag regkom nie, maar dit gaan regkom. Die groot regkom, die grootste styging, kom altyd aan die begin van die opwaartse kurwe. Met die skryf van hierdie rubriek het die meeste van my kliënte se beleggings al met sowat 20% herstel – en dit was binne 'n kwessie van 'n maand.

Wat sê die geskiedenis vir ons? Die vorige groot terugslag was in 2008. Tot in Oktober daardie jaar het aandele meer as 28% geval. Die mark het homself egter reggeruk en tot Oktober 2009 was daar groei van meer as 25%. In die daaropvolgende jaar was dit 16%, die jaar daarna 8%, toe 15% en toe 23%.

Ek weet van mense wat in 2008 ná die val in die mark hul geld onttrek en in die bank gaan spaar of na 'n geldmarkfonds oorgedra het. Oor dieselfde tydperk het hulle eers groei van sowat 9%, toe 7% en toe sowat 5% per jaar gekry.

Wie word ryk en wie spaar homself arm?

My aanbeveling is dat indien jy in 'n goed gediversifiseerde portefeulje is wat oor bateklasse en ekonomieë versprei is, jy nie paniekerig moet raak nie, al is die res van die wêreld besig om uit die mark te klim. Dit is juis dán die tyd om te koop en te belê.

Ek sê altyd: Geld wíl groei. Maak seker jy is daar wanneer die mark sy draai begin maak. Laatkommers kry niks nie. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**; **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.